P.O.Box 412365 • Craighall • Tel (011) 325-5755 • Fax (011) 325-5736 • e-mail: bccsa@nabsa.co.za
No 2 Albury Park • Magalieszicht Ave • Dunkeld West • 2196 • www.bccsa.co.za

Saaknommer: 32/2003

Datum van verhoor: 27 Augustus 2003

B Pieterse **Klaer**

vs

SAUK (RSG) **Respondent**

Tribunaal : Prof Kobus van Rooyen (Voorsitter)
Prof Sunette Lötter
Dr Linda Venter

Die Klaer het die Tribunaal persoonlik toegespreek

Vir die SAUK: mev Dorothy van Tonder, Bestuurder: Uitsaaibeleidnakoming SABC Beleid en Reguleringsake

---

Kinders – kru taal in liedjies – laataand uigesaai –nie strydig met Uitsaaikode nie-glyskaal : hoe later hoe meer gewaagde stof toelaatbaar

Kinders – inbel – kru taal van inbellers – moet sover moontlik voorkom word en afgeraai word deur die omroeper – omroeper se eie taal moet onberispelik wees.

"Kind" deur Uitsaaikode omskryf as `n persoon jonger as 16 jaar.

OPSOMMING

`n Klagte is ontvang ten aansien van die programme "Tempo" en "Botha Blues" wat saans oor RSG uitgesaai word. Die vraag was of daar eerstens voorkom kan word dat inbellers kru taal gebruik. Hierop was die antwoord van die Tribunaal dat kru taal deur die omroeper afgeraai moet word en dat die omroeper natuurlik self hom nie daaraan moet skuldig maak nie.

Die tweede vraag was of liedjies wat kru taal bevat na 22:00 uitgesaai mag word. Die Tribunaal beslis dat wanneer daar `n groot aantal kinders onder die ouderdom van 16 jaar in die gehoor is, daar nie aanstootlike taal uitgesaai mag word nie. Die aard en konteks van die woord en die tyd wat dit uitgesaai word, sal telkens bepaal of dit toelaatbaar was.

In die besondere geval waaroor gekla is, was die taal wel kru maar op daardie stadium van die aand, na 23:00, was daar nie meer, gemeet aan waarskynlikhede, `n groot aantal kinders onder 16 in die gehoor nie.

Die Uitsaaikode definieer "kind" as `n persoon onder 16 jaar.

Die klagtes is gevolglik van die hand gewys.

UITSPRAAK

JCW van Rooyen

[1] *Radio Sondergrense* is `n sender van die Suid-Afrikaanse Uitsaakorporasie wat in Afrikaans uitsaai. Ten einde die jeug te betrek word saans na agt jeugprogramme aangebied wat, gemeet aan tye voor die aanvang van die Demokrasie en die Grondwet in 1994, taal bevat wat oor die eter taboe was. Die vraag wat in hierdie verhoor beantwoord moet word, is hoe ver `n uitsaaier kan gaan in die uitsaai van wat as kru en aanstootlike taal beskou kan word.

[2] `n Klag is ontvang van `n mnr. Pieterse, wat betoog het dat die kru taal wat in *Tempo* en in *Botha Blues* uitgesaai word eenvoudig te ver gaan en die sedes van die jeug ondermyn. *Tempo* word saans om 20:00 uitgesaai en die geleentheid

word aan jong mense gebied om in te bel. Mnr Pieterse het argumenteer dat daar voorkom moet word dat inbellers growwe taal gebruik.

[3] Vir sover dit *Botha Blues* betref, het mnr Pieterse betoog dat uitdrukkings wat mens vroeër slegs in seemanskroeë gehoor het, nou vryelik oor die eter uitgesaai word. Dit sal onvanpas sal wees om die woorde hier te herhaal. Wat wel gesê kan word, is dat die woorde gewoonlik as "onder die belt" beskryf word. Wat van belang is, is dat die woorde in liedjies voorkom wat herinner aan *reggae* musiek en dat mens mooi moet luister om die woorde duidelik te hoor. Die ritme is snel en die woorde word opmekaar gepak. Daar is ook `n element van kabaret daarin.

[4] Die SAUK het soos volg op die klagte geantwoord:

"The words to which the complainant has objected are from the lyrics of three songs by Koos Kombuis*: Blameer dit op Apartheid, AWB Tiete, and Sestien Jaar met 'n Vals Kitaar.*

The explanation from Johann Botha, the presenter of Tempo and Botha Blues on RSG, is attached for the Commission's information.

We submit that the satirical nature of the Lyrics in question place the language in a context that justifies its use. The Afrikaans community in general, especially listeners to the two programmes under consideration, is also familiar with the tone and language used by Koos Kombuis, and the subject matter he chooses.

The programme *Botha Blues* has been on the air for 15 years and established itself from the outset as a platform for "Alternative" Afrikaans music. The type of lyrics this complainant has objected to are commonplace in that genre.

Further, to quote Ratha Mokgoatlheng in *J Katz vs 94.7 Highveld Stereo,"…the f-word has been incorporated into the daily vocabulary of contemporary society to*

such an extent that it has lost its former vulgar pejorative connotations which rendered it taboo in polite society."

The lateness of this broadcast (between 23:15 and midnight) also means that children are not expected to be in the audience.

We submit that the language used in the lyrics of these songs is neither grossly offensive, nor gratuitous, and that the complaint is without foundation."

Die aanbieder, Johan Botha, het ook soos volg reageer:

"Botha Blues is a programme that I started back in 1988 with the direct order from my station manager at the time to create a programme that would broaden people's horizons, through the use of social commentary, and by giving a voice to artists who would no be considered part of the mainstream. As rock music matured both locally and on a global scale, and as printed media became less popular, more and more poets turned to music to make their statements, and these are often the people featured in Botha Blues. To accommodate these people while also trying not to offend certain listeners is easier said than done. One of the ways we try to deal with it is by broadcasting the programme quite late at night (22:00-00:00), and as a matter of fact, all three phrases the listener complained about were only played after 23:15. All three phrases also belonged to the same artist, Koos Kombuis, a recognised poet and anti-apartheid activist. The phrase "alles is opgef-k" came from a song *Blame it on Apartheid* **,** in which the artist satirises the trend among "neo-liberals" to blame everything that is wrong in their lives on the previous regime. *AWB-tiete* is likewise a witty piece of irony where the poet takes the Mickey out of right-wingers marching down the street in their Khaki uniforms. It is most certainly not a derogatory song about women. *"Piele op die wiele"* occurs once in the song *Sestien Jaar***,** where the poet tells about hardships of his life on the road as a musician in South Africa. It is actually a saying used in "straat-Afrikaans" meaning to put your shoulder to the wheel."

[5] Die Uitsaaikode bepaal soos volg in klousules 26 en 27:

> 26. Offensive language, including profanity, blasphemy and other religiously insensitive material shall not be used in programmes specially designed for children.
>
> 27. No excessively and grossly offensive language should be used before the watershed period on television or at times when large numbers of children are likely to be part of the audience on television or radio. Its use during the periods referred to above should, where practicable, be approved in advance by the licensee's most senior programme executive or the designated alternate.

[6] Die Uitsaaikode omskryf `n "kind" as iemand wat onder 16 jaar is. Die vraag is nou of mens kan konkludeer dat daar na 22:00 in die aand `n groot aantal kinders in die gehoor van RSG is. Mens sal seker altyd kinders onder sestien kry wat saans na 22:00 radio luister, maar ouers kan nie eenvoudig agteroor sit en die uitsaaier die skuld gee nie. Die SAUK kan nie die totale ouerlike funksie oorneem nie. Ouers moet reëlings met hulle kinders onder 16 tref ten einde te verseker dat daar nie saans na 22:00 na `n program soos *Botha Blues* geluister word nie. Vir sover dit *Tempo* betref, moet aanvaar word dat daar nog ` n groot aantal kinders in die gehoor sal wees tussen 20:00 en 22:00 en sal met versigtighedid bepaal moet word of die taal nie die grense van growwe onwelvoeglikheid betree nie. Dit is onmoontlik om hier voorskriftelik te wees, maar "onder die belt" taal sal gewoonlik in die kategorie val. Na 22:00 mag daar, op `n glyskaal, al hoe meer kru woorde gebruik word. Dit spreek vanself dat omroepers self nie sodanige taal mag gebruik nie. Haatspraak is ook verbode.

[7] Die sogenaamde alternatiewe Afrikaanse musiek, wat in *Botha Blues* uitgesaai is, val natuurlik hard en ongewoon op die behoudende oor. Nietemin moet die taal van sangers soos Koos Kombuis binne die ritme en konteks van die besondere

lied verstaan word. Die perk wat ook vir volwasse gehore –en dus ook vir jong gehore ouer as 16 - gestel word, is dat die woorde op geen manier op haatspraak[1] mag neerkom nie. Enige woorde wat haat verkondig gebaseer op ras, etnisiteit, geslag of godsdiens, mag hoegenaamd nie gebruik word nie. Taal wat geweld[2] bevorder is natuurlik ook verbode. Sogenaamde "onder die belt"–taal kan soms as sodanig so vernederend teenoor `n persoon wees wees dat dit op haatspraak sal neerkom. Dit sal onvanpas wees om voorbeelde uit te dink.

[8] As mens die woorde in die liedjies van Koos Kombuis op papier bekyk of buite die konteks van die ritme en opeenhoping van woorde beoordeel, klink dit aanstootlik. Ons is egter van oordeel dat binne die konteks van die liedjies en, inaggenome dat die liedjies waaroor gekla is na 23:00 uitgesaai is, die grense van haatspraak nie oortree is nie. Daar is ook geen teken dat dit selfs naby haatspraak kom nie.

[9] Vir sover dit *Tempo* betref, was die klagte eintlik gerig teen die taal wat kinders wat inbel gebruik. Mens kan aanvaar dat kinders onder 11 op hierdie stadium van die aand bed se kant toe staan en dat ouers nog direk in beheer is. Die gehoor ná 20:00 sal dus tussen 11 en 16 en ouer wees. As riglyn kan ons stel dat daar van omroepers verwag word om te reageer teen onwelvoeglike taal wat inbellers gebruik en om hulle eenvoudig van die lug af te haal. Ons ervaring is ook at omroepers dit doen. Mens moet natuurlik aanvaar dat die jeug van vandag groeptaal gebruik wat vir ouers ongewoon is. Daar hoef nie `n demper hierop geplaas te word nie. "Onder die belt"-taal moet egter as taboe beskou word, hetsy dit in primêre seksuele sin gebruik word of nie.

[10] Ons is van mening dat vir sover dit *Tempo* betref die grense nie oorskry is nie. Vir sover dit *Botha Blues* betref, moet aanvaar word dat die gehoor wesentlik uit jongmense bestaan wat 16 en ouer is. Daar was geen haatspraak soos hierbo

[1] Sien art 16(2)(c) van die Grondwet wat deur hierdie Tribunaal by klousule 16 van die Kode ingelees is.
[2] Sien klousule 16 van die Kode.

omskryf nie en die woorde is ook, vanuit `n glyskaal hoek vanaf 22:00 besien, nie onaanvaarbaar nie. Na 22: 00 moet aanvaar word dat kinders onder 16 nie in groot getalle luister nie. Na 22:00 moet ouers, met kinders onder 16, spesiale reëls neerlê. Die uitsaaier moet egter steeds `n glyskaal -benadering volg.

Die klagtes word van die hand gewys.

JCW VAN ROOYEN SC
VOORSITTER

Die ander twee Kommissarisse het met die uitspraak van die Voorsitter saamgestem